# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 15 APRIL 2026

## HEBREËRS 11:23 – MOSES

Belangrikste boeke oor Moses se lewe

- **Exodus** – Die kern van Moses se verhaal
- **Levitikus** – Moses as leier en middelaar
- **Númeri** – Woestynreis
- **Deuteronomium** – Einde van Moses se lewe

Ander belangrike gedeeltes

- **Génesis** – Agtergrond tot Moses. Verhale van Abraham, Isak, Jakob en Josef. Verduidelik hoe Israel in Egipte beland het
- **Psalm 90** – Gebed van Moses
- **Matthéüs**, **Handelinge**, en **Hebreërs** – Verwys terug na Moses se rol en betekenis

### 1. Agtergrond: Slawerny en God se verborge plan

Die Israeliete het in Egipte gewoon.

Exodus 1:7-11 *Die Israeliete was vrugbaar en het vermeerder. Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle. Toe 'n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, het hy vir sy volk gesê: Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons? Kom ons bedink 'n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons te veg en ons land te oorweldig. Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk.*

- Hulle moes met bakstene en klei, harde arbeid verrig
- Hulle het geen vryheid gehad nie

Exodus 1:12 *Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so 'n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle.*

**God werk dikwels lank voordat ons Hom raaksien**

### 2. Farao se wrede bevel

Farao het bang geword vir die groei van Israel en het bevel dat die vroedvroue elke seuntjie wat gebore word dood maak. Hebreeuse vrouens was sterk van gestel.

Exodus 1:22 *Daarna het die Farao sy hele volk beveel: Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe.*

**Moses se lewe begin onder 'n doodsvonnis**

### 3. Geboorte en familie

*'n Man uit die huis van Levi was met 'n Levitiese meisie getrou* (Exodus 2:1).

(Exodus 6:19.) *Amram het met Jogébed, 'n tante van hom, getrou.*

*Numeri 26:59 Die naam van Amram se vrou was Jogébed, 'n Levitiese vrou. Sy is in Egipte vir Levi gebore. Sy het vir Amram Aäron, Moses en hulle suster Mirjam in die wêreld gebring.*

- Hulle was gewone mense
- Maar hulle was mense van geloof
- Hulle het hulle kind as 'n gawe van God gesien

Toe sy sien dat hy mooi is, het sy hom drie maande lank weggesteek (Exodus 2:2).

**Geloof sien wat God sien**

### 4. Beskerming en God se voorsiening

*Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.* (Exodus 2:3).

God se voorsiening ontvou merkwaardig:

- Farao se dogter ontdek hom
- Sy kry medelye: Dit is een van die Hebreeuse seuntjies (Exodus 2:6)
- Moses se eie ma word sy oppasser

*Toe beveel die farao se dogter die ma: Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal. Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg. Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, want, het sy gesê, ek het hom mos uit die water gehaal. (Exodus 2:9-10).*

**God beskerm en posisioneer lank vóór jou roeping**

### 5. Paleislewe – Identiteitstryd

Moses het grootgeword in die Egiptiese paleis:

- Hy was opgevoed as 'n prins
- Maar hy was ook 'n Hebreër
- Innerlik het hy begin besef wie hy werklik is

*Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word. (Exodus 2:11).*

**God gebruik jou agtergrond as voorbereiding.**

**6. Eerste fout: Moord en vlug**

*Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap. (Exodus 2:12).*

- Optrede uit eie krag
- Nie God se tyd of manier nie

Volgens Exodus 2:15. Toe Farao daarvan hoor, probeer hy om Moses dood te maak, maar Moses gevlug na die land Mídian.

Oorsprong van Mídian: Mídian was 'n seun van Abraham en Ketúra (Génesis 25:1–2) Die Midianiete was dus verwant aan Israel, maar nie deel van die verbondsvolk nie. Die Midianiete:

- Nomadiese veeboere
- Het kennis van die ware God gehad (Jetro was 'n priester van God – Eks 3:1)
- Later was hul soms vyande van Israel (Numeri 25; Rigters 6)

**God se plan werk nie deur impuls en eie krag nie**

**7. Mídian – Vormingstyd**

(Die geestelike betekenis van Moses se vlug na Mídian)

**a. 'n Tyd van voorbereiding**

Moses het van 'n prins in Egipte verander na 'n nederige skaapwagter. Moses se vlug na Mídian beteken:

- Hy moes wegvlug van sy verlede
- Hy moes wagtyd en voorbereiding deurgaan
- Hy moes God persoonlik ontmoet
- Hy moes verander word voordat hy gebruik kon word

Mídian was nie die einde van Moses se roeping nie; dit was die begin van God se werklike werk in hom. God gebruik Midian om:

- Moses se karakter te vorm
- Hom nederigheid te leer
- Hom afhanklikheid van God te leer

Die 40 jaar in Midian was nie verlore tyd nie; dit was God se opleidingstyd.

**God vorm jou in die onsigbare jare**

**b. Van selfvertroue na Godvertroue**

- Voor Midian: Moses probeer self Israel red (Eks 2:12)
- Na Midian: Hy voel onbekwaam en sê: Wie is ek? (Eks 3:11)

**God breek eers menslike selfvertroue voordat Hy iemand kragtig kan gebruik**

**c. Ontmoeting met God**

In Mídian gebeur een van die belangrikste oomblikke in die Bybel:

- Die brandende bos (Exodus 3)
- God openbaar Homself aan Moses
- Hy roep Moses om Israel te bevry

Mídian word dus die plek van:

- Openbaring
- Roeping
- Sending

**d. Die woestyn as geestelike simboliek**

Mídian verteenwoordig:

- Afsondering
- Stilte
- Vorming

In die Bybel is die woestyn dikwels waar:

- God met mense praat
- Karakters gevorm word
- Geloof getoets word

**8. Die brandende bos – Roeping**

*Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. (Exodus 3:2).*

Daarna sê die Here: Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. (Exodus 3:7–8)

en:

Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry. Toe sê Moses vir God: Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry? (Exodus 3: 10 -11)

Moses twyfel, maar God antwoord: Ek sal by jou wees (Exodus 3:12)

**God roep nie bekwames nie—Hy maak mense bekwaam**

**9. Konfrontasie met Farao**

Moses gehoorsaam God.

*Daarna het Moses en Aäron na die farao toe gegaan en gesê: So sê die Here die God van Israel: Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier. (Exodus 5:1)*

*Maar die farao het geantwoord: En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie! (Exodus 5:2)*

- Tien plae tref Egipte (Exodus 7–12)

God wys:

anders gaan Ek jou hierdie keer met 'n groot ramp tref en ook jou amptenare en jou mense. ***Dan sal jy besef dat daar op die hele aarde niemand soos Ek is nie*** (Exodus 9:14)

**God werk kragtig deur gehoorsaamheid**

**10. Rooisee – Verlossing**

God maak die onmoontlike moontlik:

Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is. Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. (Exodus 14:21–22)

Israel trek deur, en:

Toe die water terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle oorgebly nie. (Exodus 14:28)

**God maak 'n weg waar daar geen weg is nie**

**11. Woestyn – Groei en verhouding**

Veertig jaar van leiding:

- Manna: Toe het die Here vir Moses gesê: Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. (Exodus 16:4) (Matt6:11 – Geen ons vandag ons daaglikse brood)
- Water uit die rots (Exodus 17:6)

Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend (Exodus 33:11).

**Verhoudingsgroei in moeilike tye**

**12. Sinai – Wet en intimiteit**

God gee die wet:

Exodus 20:2-17 Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3Jy mag naas My geen ander gode hê nie. 4Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding
maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is
nie. 5Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan
My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag
van dié wat My haat, 6maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My
liefhet en my gebooie gehoorsaam. 7Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie,
want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. 8Sorg dat jy die
Sabbatdag heilig hou. 9Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, 10maar die sewende
dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of
jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou
nie. 11Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die
see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde
rusdag geheilig. 12Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die
Here jou God vir jou gee. 13Jy mag nie moord pleeg nie. 14Jy mag nie egbreuk pleeg nie. 15Jy
mag nie steel nie. 16Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. 17Jy mag nie iemand
anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of
'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.

Die Tien Gebooie gee:

- Rigting vir die volk
- Intimiteit met God

Dus moet ons daagliks volgens dit lewe:

- Dien net die Here jou God – geen ander gode nie.
- Moenie afgode maak of aanbid nie.
- Gebruik God se Naam met respek.
- Hou die Sabbatdag heilig en rus.
- Eer jou ouers.
- Moenie moord pleeg nie.
- Moenie egbreuk pleeg nie.
- Moenie steel nie.
- Moenie lieg of vals getuig nie.

- Moenie begeer wat aan ander behoort nie.

**God openbaar Homself aan dié wat naby Hom leef**

13. **Tweede fout: Die rots**

Toe lig Moses sy hand op en hy slaan die rots twee keer met die kierie. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle vee het gedrink. [12]Maar toe sê die Here vir Moses en Aäron: Omdat julle My nie erken het en My, die Heilige, nie voor die Israeliete gehoorsaam was nie, sal julle hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan hulle gee nie. (Numeri 20:11,12).

**Selfs leiers moet gehoorsaam bly**

14. **Einde en genade**

Moses het uit die Moab vlakte opgeklim na Neboberg toe, tot op die top van Pisgaberg regoor Jerigo. Die Here het hom die hele land gewys: van Gílead af tot by Dan, [2]die hele Naftali, die gebied van Efraim en Manasse en die hele Juda tot by die see in die weste, [3]die Suidland en die vlakte, die Jerigo laagte met sy palms tot by Soar. [4]Die Here het vir Moses gesê: Dit is die land wat Ek met 'n eed beloof het aan Abraham en Isak en Jakob. Ek het gesê: 'Ek gee dit aan jou nageslag.' Ek het jou dit met jou eie oë laat sien, maar jy sal nie daarheen deurtrek nie. (Deuteronomium 34:1-4).

Moses… het daar gesterf soos die Here beveel het (Deuteronomium 34:5).

Dus: Hy eindig met 'n sterk verhouding met God.

15. **Herstel en eer**

En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom. (Matthéüs 17:3). Hierdie vers beskryf die verheerliking van Jesus op die berg.

- Moses verteenwoordig die Wet
- Elia verteenwoordig die Profete
- Saam wys dit dat Jesus die vervulling is van alles wat in die Ou Testament belowe is.

**God se genade is groter as ons mislukkings**

16. **Moses wys na Christus**

| **Moses** | **Jesus** |
|---|---|
| Bevry van slawerny | Bevry van sonde |
| Middelaar van wet (pleit vir sy volk by God) | Middelaar van genade |
| Lei Israel | Lei gelowiges |

**Jesus is die finale Verlosser**

**SAMEVATTING**

**Moses se swakhede**

- Moord
- Vrees en twyfel
- Ongehoorsaamheid

**God se werk**

- Beskerming van geboorte
- Geduld en tweede kanse
- Wonderwerke en voorsiening
- Dissipline met genade

**Verhouding met God**

- Groei van vrees → intimiteit
- Soos 'n vriend
- Lewe in afhanklikheid

Moses se lewe wys:

'n **Onvolmaakte** mens + 'n lewende **verhouding met God** = 'n kragtige **instrument in God se hand**.
**God gebruik gebroke mense wat bereid is om Hom te vertrou en te volg.**